

17 September

Skrifgedeelte: Lukas 1:46-56

Fokusgedeelte: Lukas 1:54 en 55

Maak die Naam van die troue HERE groot!

Maria se lofsang word die “Magnificat” genoem – so genoem na aanleiding van die Latynse beginwoorde van die lied. Dit beteken “om groot te maak”. Die lied se struktuur is die tipiese struktuur van ’n lofpsalm. Dit bestaan uit drie dele: ’n inleiding, die inhoudelike deel en ’n slotdeel.

In die inleiding (vs 46-49) praat Maria uit persoonlike ervaring oor hoe God Hom oor haar ontferm het. Hy het haar geringheid aangesien en toe groot dinge aan haar gedoen. Daarom is Hy die Magtige. Die uitdrukkings herinner aan die HERE, die troue Verbondsgod se redding van Israel uit Egipte. Maria sê daarmee dat dit dieselfde God van daardie tyd is wat in haar lewe ingegryp, alles verander en haar gelukkig gemaak het. Daarom sing en juig sy en maak sy die HERE groot.

In die middeldeel van die loflied (vs 50-53) vertel sy van die HERE se ontferming en barmhartigheid. Dit kan ook met “trou” vertaal word. Hierdie trou is deur die eeue, van geslag tot geslag. God is altyd daar as dié Barmhartige, wat mense in hulle swaarkry raaksien, Hom oor hulle ontferm en kragtige dade doen.

In die laaste deel van die loflied (vs 54-55) sing Maria, omdat God bewys het dat Hy getrou is aan sy beloftes van ontferming. In die Kindjie Jesus in haar skoot ontferm God Hom oor ons in ons nood. God word Immanuel – God met ons. Hy het Hom oor die geringes ontferm en hulle (sonde)nood op Hom geneem. Hy is daarmee na die kruis waar Hy dit afgelê het.

God se beloftes van ontferming strek nog verder – “tot in ewigheid.” Dit is dus ook vir ons – nou en vir die toekoms. God ontferm Hom oor ons – elke dag, altyd. Kom ons maak die Naam van die HERE groot.

Sing: Skrifberyming 4-1:1, 6

Ds AL Pelsers (Meyerspark)